

**27 Maart**

**Genadegawes is diensgawes**

**Skrifgedeelte: Romeine 12:3-8**

Gelowiges is deur die bloed van Christus uit die skema van hierdie wêreld losgekoop. Ons het deur die genade van die Heilige Gees 'n metamorfose ondergaan. Hy het ons deur die geloof in Christus aan Homself en aan mekaar vasgebind om die liggaam van Christus te vorm. Soos die onderskeie lede van jou liggaam aan mekaar vas is en van mekaar afhanklik is vir hulle bestaan en voortbestaan, so is gelowiges van mekaar afhanklik. Ons moet God dien deur mekaar te dien. Daarvoor het Hy aan elkeen genadegawes gegee.

Ons het nie almal dieselfde gawes ontvang nie, maar dit maak die een nie beter of swakker as die ander nie. Elke lidmaat met sy gawes is nodig vir die regte funksionering van die liggaam van Christus. Elkeen moet sy gawes gebruik om die ander te dien. Ons is vir mekaar se groei in die geloof verantwoordelik. Elkeen moet sy gawes gebruik om mekaar te ondersteun. Hoe meer jy jou gawes gebruik, hoe sterker groei dit en hoe sterker groei jou medelidmate in die geloof.

God het nie vir jou gawes gegee om dit vir jouself te hou nie. Hy het dit aan jou gegee om te gebruik. Deur jou gawes in diens van God en jou medelidmate te gebruik, word dit duideliker dat jy uit genade deur die bloed van Christus uit die skema van hierdie wêreld losgekoop is.

*Sing: Psalm 133:1*

*Ds. AP Krüger (Welkom)*